Vyfde Paassondag

2 Mei 2021 10:30

In isolasie tydens nasionale staat van inperking

kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Gesnoei om vrug te dra

Skriflesing: Johannes 15:1-8

Broodjies vir die pad

"It is said that in some countries trees will grow, but will bear no fruit because there is no winter there."
— John Bunyan

"At times our own light goes out and is rekindled by a spark from another person. Each of us has cause to think with deep gratitude of those who have lighted the flame within us."
— Albert Schweitzer

"The dead are dead but they rely on us to fulfill their hopes."
— James A. Michener, The Source

"When soul is neglected, it doesn't just go away;
it appears symptomatically in obsessions, addictions,
violence, and loss of meaning."
— Thomas Moore

Verlore

Duskant Wintershoek
in die Witzenberg-vlaktes
sit ek saam met Breyten
onder die groen takke van 'n wilger
sy woorde dans in my kop.

Dis sy gevangenisverse
wat my vergesog vry laat voel
vry van myself
vry van ons land
vry van alles wat my siel hier verbrand.

Aprilmaand het kom klop
met sy rituele in verskillende kompartemente
die fool hou hom salig dom
die ongelowiges verdrink hulself in mekaar
die gelowiges bid
en die res haal asem
want dit is seker beter
om blind en doof te wees
as om jouself te verloor
tussen reg en verkeerd.

Caren Kearley

"A mind without instruction can no more bear fruit than can a field, however fertile, without cultivation."
— Cicero

"In the end, even the "yes" to love is a source of suffering, because love always requires expropriations of my "I", in which I allow myself to be pruned and wounded. Love simply cannot exist without this painful renunciation of myself, for otherwise it becomes pure selfishness and thereby ceases to be love."
— Pope Benedict XVI

"Oh oak tree, how they have pruned you.
Now you stand odd and strangely shaped!
You were hacked a hundred times
until you had nothing left but spite and will!

I am like you, so many insults and humiliations
could not shatter my link with life.
And every day I raise my head
beyond countless insults towards new light.
What in me was once gentle, sweet and tender
this world has ridiculed to death.
But my true self cannot be murdered.
I am at peace and reconciled.
I grow new leaves with patience
from branches hacked a hundred times.
In spite of all the pain and sorrow
I'm still in love with this mad, mad world."
— Hermann Hesse, Bäume. Betrachtungen und Gedichte

"I don't know what your destiny will be, but one thing I know: the only ones among you who will be really happy are those who have sought and found how to serve."
— Albert Schweitzer

"Grateful people learn to celebrate even amid life's hard and harrowing memories because they know that pruning is no mere punishment, but preparation."
— Henri J.M. Nouwen, Turn My Mourning into Dancing: Finding Hope in Hard Times

"Fruit is always the miraculous, the created; it is never the result of willing, but always a growth. The fruit of the Spirit is a gift of God, and only He can produce it. They who bear it know as little about it as the tree knows of its fruit. They know only the power of Him on whom their life depends"
— Dietrich Bonhoeffer, The Cost of Discipleship

"I am gradually learning that the call to gratitude asks us to say, "Everything is grace." As long as we remain resentful about things we wish had not happened, about relationships that we wish had turned out differently, mistakes we wish we had not made, part of our heart remains isolated, unable to bear fruit in the new life ahead of us. It is a way we hold part of ourselves apart from God."
— Henri Nouwen

"In the past, censorship worked by blocking the flow of information. In the twenty-first century, censorship works by flooding people with irrelevant information. [...] In ancient times having power meant having access to data. Today having power means knowing what to ignore."
— Yuval Noah Harari, Homo Deus: A History of Tomorrow

"The dominant ethos of the twenty-first century consists of an intermingling of the sacred and the secular."
— Harvey Cox, How to Read the Bible

Verskil só van ander sonder gebalde vuiste

Wilhelm Jordaan

Die invloedryke Katolieke teoloog Hans Küng (93), wat onlangs dood is, had sterk menings oor hoe geloof ’n lewegewende krag kan wees sonder die las van die enigste “korrekte geloof”.

In sy The Church: Maintained in Truth skryf hy: “The totality of faith consists in the integrity of commitment, not in completely correct propositions. And that commitment can be entire and unreserved even though something false is said at the same time.” Dit beteken toewyding is belangriker as die korrektheid van jou geloofsinhoud; hoe suiwer jou kennis en begrip van kerklike leerstellings is. Jy mag maar selfs ’n bietjie verdwaal raak én dwaal.

Toewyding behels ’n paar dinge. Is jou geloof kreatief? Bevat dit, soos toe jy ’n kind was, ’n spontane, verbeeldingryke verwondering en lewensomhelsing wat maak dat gewone lewensgoed helder skitter?

Is jou geloof selfkrities? Is jy byvoorbeeld bereid om die strydighede in jou geloof te ondersoek en kan jy daarmee saamleef? Kan jy jou geloof integreer met jou ganse lewe en die morele konsekwensies daarvan deurvoer sodat dit ’n verskil in jou lewenstyl maak wat betref liefde, geregtigheid, medelye en sorg teenoor alle mense?

Laat jou geloof verdraagsaamheid toe? Verdraagsaamheid is die hart van toewyding. Want juis die integriteit van jóú toewyding moet ’n ánder se integriteit van toewyding waarborg én laat gedy.

Hieruit volg nog ’n belangrike oorweging: Laat die integriteit van toewyding ook verdraagsaamheid vir onverdraagsaamheid toe? Dit is taamlik maklik om verdraagsaam te wees as mense so ’n bietjie van jou verskil, maar die eintlike toets kom wanneer ander radikaal van jou verskil en woedend, selfs vyandig, jou geloofsopvattings verdoem. Hoe lyk die gesig van verdraagsaamheid dán?

In Afrikaans is die betekenis van “verdraagsaamheid” ’n bietjie skraal. Dit beteken dinge soos “duld” en “uitstaan”, ’n soort lydsame aanvaarding. In die trant van: Ek laat jou maar praat en begaan, maar ek hoor jou nie eintlik nie, want dit is nie die moeite werd nie. Ek is reg, jy’s verkeerd. Waarmee jy eintlik sê: Die nuwe lig wat ek gekry het, verdonker alle ander lig. Staan opsy dat mý? lig kan skyn.

Soms is dit nuttig om die wortelbetekenisse van ’n woord na te gaan ter wille van dieper begrip. Die Latynse oorsprong van verdraagsaamheid (“toleransie”) beteken: “om te verduur”; “om op te tel”; en “om te dra”. So gesien behels verdraagsaamheid juis dít: Terwyl ek ánders as jy dink, dra ek jou opvattings saam of dit m?ýne is, en daardeur verstaan ek beter hoekom jy dink soos jy dink en doen soos jy doen.

Sulke verdraagsaamheid maak dat alle gelowiges – hetsy huiwerend of oortuig, twyfelend of seker – met verwondering voor die geheim van ’n Godheid kan staan, langs mekaar en nie teenoor mekaar nie; met geboë hoofde, nie met gebalde vuiste nie.

** Jordaan is ’n emeritusprofessor in sielkunde.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/verskil-so-van-ander-sonder-gebalde-vuiste-20210427

Brood vir die pad

Emosionele reaksie bepaal uiteindelik begrip

Willie Burger

Dit is opvallend hoe dikwels mense in reaksie op ’n boek of gedig wat hulle gelees het, sê dat dit hulle met ’n bepaalde gevoel gelaat het.

Omdat gevoelens dikwels ondergeskik aan begrip en rasionaliteit gestel word, ontvang dié aspek van lees dikwels minder aandag.

Natuurlik reageer ons emosioneel op enige teks wat ons lees. Al lees ek net ’n WhatsApp, reageer ek emosioneel daarop, maar wanneer ons gedigte of verhale lees, het ons dikwels ’n soort “verhoogde” emosionele reaksie.

Terwyl die idee dat ons poësie kan geniet lank voordat ons dit verstaan al baie oud is, is daar in die laaste paar dekades heelwat navorsing gedoen oor die maniere waarop lesers emosioneel op tekste reageer. Nuwe navorsing is onder meer moontlik gemaak deur die moontlikhede wat breinnavorsing bied. Die neurologiese prosesse van wat gebeur wanneer ons dink en emosies ervaar (juis ook terwyl ons lees), kan ondersoek word.

Wat onder meer uit sulke navorsing blyk, is dat die gevoel wat ons ervaar terwyl ons lees, nie ’n neweproduk is van die verstaansproses nie. Met ander woorde, ons begryp nie éérs waaroor die boek of gedig of verhaal gaan en dán ervaar ons agterna ’n emosie in reaksie op ons begrip nie. Nee, eintlik rig en beïnvloed ons emosionele reaksie op die woorde wat ons lees, die manier waarop ons die woorde begryp.

Breinnavorsers voer aan dat emosie en bewussyn nie geskei kan word nie. Ons het byvoorbeeld nie ’n soort “neutrale” emosielose bewussynstoestand wat skielik geaktiveer word deur ’n verrassende waarneming en dan ervaar ’n mens ’n emosie nie. Ek sit nie emosieloos op die bank en sien hoe ’n rower die kamer inkom en skielik ervaar ek vrees nie. Ek het reeds by voorbaat, elke oomblik, ’n aaneenlopende emosionele toestand as agtergrond. Hierdie, dikwels onbewuste, emosionele toestand het ’n invloed op hoe ek voel wanneer ek ’n nuwe ervaring het.

Die implikasie hiervan vir die leesproses is dat ek reeds met ’n bepaalde gemoedstoestand die boek optel en begin lees, ’n gemoedstoestand waarvan ek nie eens noodwendig bewus is nie. Wanneer ek dan ’n nuwe reël in ’n boek lees, word sekere aspekte van my bestaande gevoelens gestimuleer. Op dié manier maak lees my eintlik bewus van dit wat ek voel.

Navorsers het gevind dat ons beslis nie slegs beelde of taal onthou nie, maar dat ons ook ’n emosionele geheue het. Herinnerde emosies word opgeroep in reaksie op nuwe ervarings. Hierdie emosionele geheue volg afsonderlike prosesse in die brein – onafhanklik van die rasionele prosesse. Ons weet al lank dat ’n mens se emosionele reaksie veel vinniger plaasvind as jou rasionele, logiese beredeneerde begrip.

Wanneer ’n mens lees, gaan die eerste neurologiese prosessering van die woorde wat jy lees, deur die amigdala, ’n roete wat twee keer so vinnig is as die roete deur die kortikale deel van die brein. Volgens sommige navorsers neem dit ongeveer 250-300 millisekondes om ’n sillabe te lees, maar die bewussyn is sowat 5 000 millisekondes voor die rasionele verwerking van hierdie sillabe. Die emosionele respons op die sillabe is dus reeds met ’n kortpad in die bewussyn geregistreer, dit roep reeds deur assosiasie emosionele herinnerings op, selfs ’n hele emosionele geskiedenis, voordat dit regtig kognitief geregistreer word. Gevolglik bepaal die eerste emosionele reaksie die manier waarop ek later begin verstaan.

Die emosionele respons op wat mens lees, is nie altyd ewe sterk nie. Wanneer iets in die formulering, die styl en die struktuur van die teks uitstaan omdat dit vreemd voorkom en die leser verras, is die emosionele reaksie sterker. Dit is die rede waarom tekste waarin talle tegnieke gebruik word om die leser doelbewus te verras en vervreem (soos literêre tekste), dikwels ’n sterker emosionele reaksie by die leser uitlok. Wat meer is, daardie emosionele reaksie bepaal uiteindelik die wyse waarop die leser ook die teks begryp.

Willie Burger doseer Afrikaanse letterkunde aan die Universiteit van Pretoria.

https://www.netwerk24.com/Vermaak/Boeke/boekevat-emosionele-reaksie-bepaal-uiteindelik-begrip-20210426

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877